# *KOSTE VAN DIE VOORTREKKER-MONUMENT*

Is ons juis ingelig, dan sal die Voortrekkermonument, as dit van die duursaamste materiaal — d.w.s. van graniet — gebou moet word, aansienlik meer kos as die £130,000 aanvanklik genoem. As dit ook van die nodige omvang en hoogte moet wees, sal die koste, na verstaan word, veel nader aan 'n kwart miljoen pond wees. Vertrou mag word dat hierdie feit die owerheid nie te veel slapeloosheid sal besorg nie. Die meeste geboue kos uiteindelik meer as die oorspronklike beraming; en dat hierdie verskynsel beklemtoon word in die geval van 'n volksmonument, sal nêrens verbasing wek nie. Al waaroor die Uniepubliek hom bekommer is dat die gedenkteken in alle opsigte die groot gedagte wat hy moet vertolk waardig sal wees. Oor die juiste vorm sal altyd meningsverskil kan heers, dog oor een saak moet almal dit eens wees, nl. dat die owerheid — as die verteenwoordigers van die volk — sy plig doen deur ruimskoots voldoende geldelike voorsiening te maak vir 'n waardige gedenkteken. Onsself twyfel daar ook geen oomblik aan nie dat dit die houding van die Regering in hierdie saak is. Gelukkig verkeer die land in so'n finansiële toestand dat daar ook geen noodsaaklikheid bestaan om op die monument te besuinig nie.